NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

NOORDWES-UNIVERSITEIT (POTCHEFSTROOMKAMPUS)

VAKGROEP MAATSKAPLIKE WERK

TOELATINGSROETE EN -VEREISTES VIR VOORNEMENDE NAGRAADSE STUDENTE

1. Na aanvanklike kontak met enige personeellid van die vakgroep word student na die vakhoof vir gesprek verwys
2. ŉ Bondige voorlopige uiteensetting van die titel, probleemstelling sowel as die doelstelling van die voorgenome navorsing van die student word aan die vakhoof voorgelê.
3. **Die aanvaarding van studente vir nagraadse studie geskied op grond van die beskikbaarheid van geskikte studieleiers met toepaslike vaardighede.**
4. Alle voornemende nagraadse studente moet ŉ toelatingseksamen aflê. Vir die M-programme word ŉ slaagpunt van 65% vereis en vir die Ph.D- program ŉ slaagsyfer van 68%. Toelatingseksamens word in Maart, Mei, Augustus en September afgelê in die jaar wat die jaar waarin die student toegelaat wil word, voorafgaan**.** Geen toelatingseksamens sal buite hierdie tye of na Oktober afgelê word vir toelating in die volgende jaar nie. Daar is ŉ fooi van R200 verbonde aan die toelatingseksamen, betaalbaar by mev. Du Toit, die vaksekretaresse, voordat die toelatingseksamen afgelê kan word. **Voornemende studente kry net een geleentheid per jaar om ŉ toelatingseksamen af te lê, met ‘n maksimum van twee geleenthede wat nie in dieselfde jaar mag plaasvind nie. Indien ŉ student nie sou slaag nie, kan daar dus nie weer voor die volgende jaar ŉ toelatingseksamen afgelê word nie, behalwe in gevalle waar studente met die eerste geleentheid 60% in die toelatingseksamen behaal het. Studente wat vir ‘n gedoseerde meestersgraad wil inskryf, en reeds ‘n ander meestersgraad binne die voorafgaande drie jaar met ‘n slaagsyfer van 65% behaal het, hoef nie ‘n toelatingseksamen te skryf nie. Dit geld ook vir voornemende Ph.D-studente wat hulle MSW-verhandeling in die afgelope drie jaar met ‘n slaagsyfer van 65% geslaag het.**
5. Na die uitslag van die toelatingseksamen aan die student bekend gemaak is, moet ŉ universiteitstoelatingsvorm voltooi word, en kan die student registreer. Hierdie proses moet teen Maart afgehandel wees.
6. Hierna word ŉ studieleier, aangewys.
7. Studente is verantwoordelik om die Handleiding vir Nagraadse Studente wat op die PUK Web (http://www.nwu.ac.za) beskikbaar is, te bestudeer.
8. Studente moet in die begin van elke jaar ŉ sekere bedrag fotostaatgeld by die sekretaresse van die Vakgroep Maatskaplike Werk inbetaal. In die geval van gedoseerde M-programme is dit R50,00, vir MSW-verhandelings R100,00 en vir PhD proefskrifte R150,00.
9. ŉ Navorsingsvoorstel moet volgens ŉ riglyn ingedien word binne ses maande nadat die studente geregistreer het. Die navorsingsvoorstel word eers deur die studieleier, wat vir die student aangewys is, oorweeg, en indien nodig, terugverwys na die student totdat dit tot bevrediging van die studieleier ontwikkel is. Daarna word dit na ŉ vakgroepkomitee vir oorweging en goedkeuring verwys. Verkieslik moet die kandidaat by die kleingroepbespreking teenwoordig wees. Die komitee het die reg om dit weer na die student vir korreksies en verdere ontwikkeling terug te verwys met die aanbeveling dat dit óf weer aan die komitee voorgelê word óf dat voorgestelde veranderinge tot bevrediging van die studieleier aangebring word. **Indien ŉ student wat vir ‘n verhandeling geregistreer is, nie daarin sou slaag om ŉ navorsingsvoorstel wat deur die vakgroepkomitee goedgekeur is, nie voor die einde van die jaar van eerste registrasie voor te lê nie, word die student se registrasie summier**

beëindig. In die geval van gedoseerde programme, moet die voorstel voor die einde van die tweede studiejaar goedgekeur wees.

10. Indien die voorstel deur die vakgroepkomitee goedgekeur is, vind titelregistrasie plaas, wat beteken dat dit op fakulteitsvlak goedgekeur moet word. In enkele gevalle sal dit weer vir geringe wysigings terugverwys word. Terselfdertyd word ŉ aansoek om etiese goedkeuring vir die navorsingsprojek aan die Etiekkomitee van die NWU voorgelê, tensy ŉ betrokke student in ŉ bepaalde, eties goedgekeurde projek werk.

11. Na hierdie prosedures deurloop is, werk die student onder die leiding van die studieleier aan die navorsing. Behalwe in uitsonderlike gevalle, behoort die studieleier/promotor twee weke per hoofstuk/artikel te kry vir die nasien daarvan.

12. Die manuskrip (navorsingsverslag) kan in artikel- of langformaat ingedien word. Die langformaatmanuskrip bestaan normaalweg uit hoofstukke terwyl die artikelformaat (magister-verhandeling) uit ŉ maksimum van 3 artikels (normaalweg 2) bestaan en vir die skripsie vir die M in Forensiese Praktyk en Kinderbeskerming uit een artikel. Vir die Ph.D word ŉ maksimum van 5 artikels (normaalweg 4) ingedien.

13. Die maksimum tydperk van studie vir Magisterkandidate is 3 jaar en vir PHD 4 jaar. Dit geld vir beide voltydse of deeltydse studente. Studente moet dus hul studie binne die aangewese tydperk voltooi.

14. Die inhandigingsdatum vir die finale produk is einde April vir die Lentegradeplegtigheid en einde Oktober vir die Herfsgradeplegtigheid, maar studieleiers sal geen nuwe werk vir oorweging kan ontvang na einde September van die jaar waarin die student wil inhandig nie.

15. Studente vir die nagraadse programme word nie tot die programme toegelaat in die jaar wat direk volg op die jaar waarin hulle hulle BSW-graad voltooi het nie

Hierdie beleid geld slegs vanaf 2011

mdt/ma/handleidings/toelatingsroete nagraads